# VRYSTAAT WETGEWER

## HANDLEIDING

## GEPUBLISEER INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING 2 VAN 2000

**KONSEPHANDLEIDING VIR BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **1** | OPSOMMING | Handleiding oor die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting | | | |
| **2** | REKENPLIGTIGE BEAMPTE: | Mnr. Steven Mabalane<br>Waarnemende Sekretaris | | | |
| **3** | REGSADVISEUR | Me. Connie Sefo<br>Direkteur: Regsdienste | | | |
| **4** | VAN TOEPASSING OP: | Alle beleide en verbandhoudende prosedurele dokumente van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer | | | |
| **5** | GERAADPLEEG: | Die Sekretariaat | | | |
| **8** | DATUM VAN GOEDKEURING: | | | | |
| **9** | WEERGAWE: | 1.0 | | | |
| **10** | BESKIKBAAR OP: | Intranet | **Nee** | Webwerf | **Nee** |
| **11** | VERBANDHOUDENDE DOKUMENTE: | Geen. | | | |
| **12** | VERSPREI NA: | Alle direk indiensgeneemde personeel van die Vrystaat Provinsiale Wetgewer. | | | |
| **13** | DATUM VAN IMPLEMENTERING: | 15 Oktober 2024 | | | |
| **14** | DATUM VAN VOLGENDE FORMELE HERSIENING: | | | | |

**INHOUD**

**A. STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE VRYSTAAT PROVINSIALE PARLEMENT ....4**

**B. KONTAKBESONDERHEDE VIR INLIGTINGSBEAMPTES ............................4**

**C. GIDS OOR HOE OM INLIGTING INGEVOLGE DIE WBTI TE VERSOEK ............5**

**D. INLIGTING VAN DIE PROVINSIALE PARLEMENT ...................................5**

**E. INLIGTING WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS ....................................6**

**F. DIENSTE WAT AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK BESKIKBAAR IS EN HOE OM TOEGANG TOT HIERDIE DIENSTE TE VERKRY .....................................7**

**G. OPENBARE DEELNAME ................................................................7**

**H. HOE OM TOEGANG TOT DOKUMENTE VAN DIE PROVINSIALE PARLEMENT TE KRY ...........................................................................................7**

**I. REMEDIES VIR WEIERING OM INLIGTING BEKEND TE MAAK ...................10**

## A. STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE VRYSTAAT PROVINSIALE PARLEMENT

1. Die Vrystaat Provinsiale Parlement (‘die Provinsiale Parlement’) is die provinsiale wetgewer van die Provinsie Vrystaat.
2. Ingevolge artikel 114 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (‘die Grondwet’) is die Provinsiale Parlement verantwoordelik vir die uitvaardig van wette vir die Provinsie Vrystaat en om oorsig uit te oefen oor die provinsiale regering.
3. Ingevolge artikel 118 van die Grondwet moet die Provinsiale Parlement openbare betrokkenheid by sy prosesse moontlik maak.
4. Die Provinsiale Parlement is ’n openbare liggaam ingevolge artikel 1 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (‘die WBTI’).

## B. KONTAKBESONDERHEDE VIR INLIGTINGSBEAMPTES

5. Die inligtingsbeampte van die Provinsiale Wetgewer is mnr. Steven Mabalane (Waarnemende Sekretaris).
6. Die Inligtingsbeampte kan bereik word by 051 4071100 of by ModipaD@fsl.gov.za
7. Die Adjunkinligtingsbeampte vir die Provinsiale Wetgewer is me. Connie Sefo (Direkteur: Regsdienste).
8. Die Adjunkinligtingsbeampte kan bereik word by 051 4071100 of by ConnieS@fsl.gov.za
9. Die posadres van die Provinsiale Parlement is: Posbus X20561, Bloemfontein, 9300.
10. Die fisiese adres van die Provinsiale Parlement is: Charlotte Maxeke-straat 41, Bloemfontein, 9300.

## C. GIDS OOR HOE OM INLIGTING INGEVOLGE DIE WBTI TE VERSOEK

11. Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie het 'n gids gepubliseer oor hoe om inligting ingevolge die WBTI aan te vra.
12. Daar kan toegang tot hierdie gids verkry word by www.sahrc.org.za —> Understanding PAIA (aan die onderkant van die webwerf) —> SAHRC section 10 guide.

## D. INLIGTING VAN DIE PROVINSIALE WETGEWER

13. Die Provinsiale Wetgewer het onder meer inligting in die volgende kategorieë van aangeleenthede:

(a) **Parlementêre geskrifte**
Insluitende ordelyste, aankondigings, tertafelleggings en komiteeverslae, vraelyste, Hansard en notules van verrigtinge.

(b) **Publikasies**
Algemene inligting rakende die Provinsiale Wetgewer en sy werk.

(c) **Ledebelange**
(i) Lede van die Provinsiale Parlement moet hulle belange jaarliks verklaar.
(ii) Die Register van Lede se Bekendmaking van Belange moet gedoen word by die Registrateur van Ledebelange van die Provinsiale Wetgewer.

(d) **Wetsontwerpe/Wette van die Parlement**
Verskeie weergawes van wetsontwerpe (konsepwette) en stukke wetgewing wat goedgekeur is.

(e) **Dokumente wat deur die administrasie voortgebring word**
(i) Die administrasie van die Provinsiale Parlement verskaf ondersteuning aan Lede om hulle werk as openbare ampsbekleërs moontlik te maak.
(ii) Om dit te bereik, bring die administrasie verskeie dokumente voort wat met sy funksies verband hou.

## E. INLIGTING WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS

14. Enige inligting wat in enige komitee van die Provinsiale Parlement bekendgemaak of bespreek is, waar sodanige verrigtinge vir die publiek oop was, of verrigtinge binne die Huis van die Provinsiale Parlement, is outomaties beskikbaar en dit is nie nodig om ingevolge die WBTI aangevra te word nie, onderhewig daaraan dat die aanvraer die inligting in 'n digitale formaat kan ontvang.

15. Inligting ten opsigte van die volgende kwessies is geredelik beskikbaar vanaf die Vrystaat Wetgewer se webwerf by www.fsl.gov.za:

    (a) Openbare opvoeding, onderwyswerksessies, openbare deelname, petisies, opvoedkundige materiaal;

    (b) Om die Provinsiale Wetgewer te besoek;

    (c) Nuus, persvrystellings, en registrasie as mediavennoot;

    (d) Vakatures en aanlynaansoeke om vakatures;

    (e) Tenders en hoe om sake met die Provinsiale Parlement te bedryf;

    (f) Die administrasie se organisasiestruktuur, gedragskode, en personeellys;

    (g) Algemene inligting oor die funksies en werksaamhede van die Provinsiale Wetgewer;

    (h) Visie, missie en waardes, politieke samestelling, geskiedenis, simbole, Statebond Parlementêre Assosiasie, werksaamhede van die Nasionale Raad van Provinsies;

    (i) Profiele van Lede, kiesafdelings van Lede, gedragskode, register van ledebelange;

    (j) Wetgewende prosesse, parlementêre kalender, werksdokumente van die Huis, die staatsrede en die provinsiale rede, staande reëls, video's;

    (k) Lidmaatskap van staande komitees, komiteedokumente; en

(l) Wetgewing, nasporing van wetsontwerpe, wetgewing van die Nasionale Raad van Provinsies, Hansard, publikasies, provinsiale staatskoerante, departemente se jaarverslae.

## F. DIENSTE WAT AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK BESKIKBAAR IS EN HOE OM TOEGANG TOT HIERDIE DIENSTE TE VERKRY

16. Die Direktoraat: Openbare Deelname en Opvoeding maak openbare betrokkenheid moontlik en inisieer deelnameprogramme. Dit sluit uitreikingsprogramme na skole, Jeugparlement, en vele ander inisiatiewe in.

17. Die Direktoraat: Openbare Deelname kan gekontak word by (051) 4071100. **Kyk op** www.fsl.gov.za

## G. OPENBARE DEELNAME

18. Die mense van die Vrystaat word aangemoedig om by die verrigtinge van die Provinsiale Parlement betrokke te raak.

19. Jy kan óf betrokke raak by die Provinsiale Parlement deur die verrigtinge tydens ’n ope debat in die Huis waar te neem, óf deur aktief deel te neem aan die wetmakingsproses deur voorleggings te maak oor konsepwetgewing tydens prosesse van openbare betrokkenheid.

20. Provinsiale wetgewing bemagtig die mense van die Vrystaat ook om petisies aan die Provinsiale Parlement te rig oor sekere kwessies.

21. Kyk na www.fsl.gov.za

## H. HOE OM TOEGANG TOT DOKUMENTE VAN DIE PROVINSIALE PARLEMENT TE KRY

22. **Stap 1: Voorbereidende stappe**

    - Maak seker dat die inligting wat jy nodig het in werklikheid inligting is wat in besit, of in die beheer van die Provinsiale Wetgewer is.

- Indien die inligting wat jy nodig het outomaties beskikbaar is, soos in paragraaf 15 hierbo aangetoon is, rig jou versoek met 'n duidelike omskrywing van die inligting wat jy nodig het, aan die Inligtingsbeampte.
- Kyk op die Provinsiale Wetgewer se webwerf by www.fsl.gov.za om te sien of die inligting wat jy nodig het op die webwerf is.

**Stap 2: Aanvraagvorm**

- Indien jy nie daarin geslaag het om die inligting wat jy nodig het, te bekom nie nadat stap 1 hierbo volledig gevolg is, moet 'n aanvraag-vorm voltooi word en by die Provinsiale Wetgewer ingedien word. Die aanvraagvorm kan verkry word vanaf die Adjunkinligtings-beampte/is by hierdie handleiding aangeheg/van die Vrystaat Wetgewer se webwerf.
- Die aanvraagvorm moet by die Inligtingsbeampte ingedien word.
- Indien jy probleme met die invul van die aanvraagvorm ondervind, mag jy hulp vanaf die Adjunkinligtingsbeampte versoek.
- Indien jy 'n aanvraag namens 'n ander persoon rig, moet jy seker maak dat jy 'n afskrif van die mandaat van daardie ander persoon aan jou om namens daardie persoon op te tree, aan te heg.

**Stap 3: Bedrae betaalbaar**

- Daar is twee bedrae wat ingevolge die WBTI betaalbaar mag wees:
  (a) 'n Aanvraagbedrag: Daar word nie van 'n aanvraer wat toegang tot inligting wil hê wat persoonlike inligting oor daardie aanvraer bevat, vereis om die aanvraagbedrag te betaal nie. Die vereiste bedrag moet enige ander aanvraag vergesel. Ingevolge Regeringskennisgewing no. R223, 2001, is die aanvraagbedrag R35,00; en

(b) ’n Toegangsbedrag: Indien die aanvraag toegestaan word, moet ’n verdere toegangsbedrag betaal word vir die reproduksie van die inligting, insluitend die tyd bestee aan die soektog en die voorbereiding van die inligting vir bekendmaking. Hierdie bedrae word uiteengesit in Regeringskennisgewing no. R223, 2001.

- ’n Afskrif van die betaalbare bedrae, soos in Regeringskennisgewing no. R223, 2001 uiteengesit word, kan vanaf die Adjunk-inligtingsbeampte verkry word.

**Stap 4: Verwerking van die aanvraag**

- Ingevolge die WBTI het die Inligtingsbeampte 30 dae waarbinne die versoek toegelaat of geweier word, by gebreke waar die aanvraag geag word om geweier te wees.
- Die Inligtingsbeampte sal die aanvraer inlig van die uitkoms van die aanvraag.
- Toegang tot inligting sal gewoonlik toegestaan word waar die aanvraer voldoen het aan die vereistes van die WBTI, en:
  (a) Die aanvraag gerig word op die voorgeskrewe vorm wat behoorlik voltooi is;

  (b) Voldoende bewys van gesag ingedien is waar die aanvraag namens ’n ander persoon gerig is;

  (c) ’n Behoorlike beskrywing van die inligting wat versoek word, gegee is;

  (d) Die nodige betaalbare bedrag betaal is; en

  (e) Daar geen gronde vir die weiering van die aanvraag, soos daar in die WBTI voor voorsiening gemaak word, is nie.

## I. REMEDIES VIR WEIERING OM INLIGTING BEKEND TE MAAK

23. ’n Persoon wat ontevrede is met ’n weiering deur die Provinsiale Parlement om inligting bekend te maak, mag die howe vir verligting nader.

## J. GOEDKEURING

24. Goedgekeur deur die Waarnemende Sekretaris op 15 Oktober 2024

Geteken: ______________________

Steven Mabalane